Ek dra

Windswawēl

op aan my man, Albert,
Deon, my oorlede seun,
my seun Anton en my dogter Lynelle,
asook my familie wat my lewe vir jare lank inkleur.

Windswael deur Frieda Visser
4friedavisser@gmail.com

Gepubliseer deur KREATIV SA
Posbus 4404
George-Oos
6539
SUID-AFRIKA

Eerste uitgawe eerste druk 2019

Kopiereg © 2019 Frieda Visser

ISBN 978-1-928478-14-0

Manuskripvoorbereiding en elektroset: Myra Lochner
Taalsorg: Myra Lochner
Geset in Constantia 11 pt
Titelfont: Beautiful and Openhearted
Outeurfont: Cormorant Upright
Omslagfoto: © Kevin Carden | Depositphotos (13224649)
Digitale ontwerp van omslag: Herman Lochner
Gedruk en gebind deur Bidvest Data, Kaapstad

Windswael

Frieda Visser

(Breytenbach)

Kreativ SA
George · Suid-Afrika
2019

“Vlieg met die windswael – en met my –
na die land waar ’n nuwe somer begin.
Alleen is ons swakker, maar saam kom ons daar …”

Uit: *Somer*, bl 36

VER PAAIE

Wollerige mis oor verskroeide plantasie-stompe.
Blink, ingerygde druppels as versiering vir gespinde
rakke, so ver jou oog kan sien, asof in sprokieland.

Die smaak van denne, mos en kruie, ’n tikkie brand,
lê op jou tong, jou lyf omarm deur stil,
heilige oggendlug.

Ná elke tree staan jy eers stil en kyk en luister:
’n droë tak kreun iewers, ’n voël duik laag verskrik.
Net jy en ek, met warm asems in die koue lug,
trap sag en fluister: Dis ’n stukkie van die hemel.

EENMAAL

Dié vrou sluip nie ongesiens deur hierdie lewe nie.
Haar wakende oog sien leemtes en tekorte.
Sy maak deure oop, breek mure af, bou ’n brug.

’n Dorre wêreld om haar heen kleur sy in sagte sweem,
want sien, sy kom van elders af. ’n Plek van bleek
gevrete karkasse van die lewe, vandaar kom sy.

In haar oë blink die lig van môre; sy glo die son moet
oor jou ook skyn. Hierdie vreemde lewe se knobbelrige
pad slinger net eenmaal jou verby. Glo sy.

LEWEND DOOD

Sy dwaal deur leë gange van oud-wees en herleef
liefdelose kindertyd in grys kamers met ysterkatels,
skurwe plankvloere. Een van ’n groep, ’n nommer.
Als was dieselfde, klere en skoene, lewend dood.

DORINGS

Sonder baie woorde het sy grootgeword, maar
grootoog het sy gevind haar lewenspad is vol:
besaai met doringdraad wat in getrap wil word.
Om versigtig wyd te stap het haar gehelp om
by die mooiste plekke van die lewe te beland.

PERSKEBLOM

Eers was sy ’n perskeblom; toe haar somer ryp opkom,
was verwagting en ideale stewig in haar bors gevorm.
Gou het sy gesien die lewe maak sy eie draaie in jou siel.
Hy sleep jou saam en plak jou neer net waar hy wil.
Uiteindelik moet jy self besluit – vorentoe of agteruit.

LIEFDESWIND

Liefde is bietjie soos ’n warrelwind:
hy kuier by jou, dan by my.
Dis duister waarom hy ’n draai kom gooi
en weer verdwyn.
Hy pluk jou siel rond, sleep dit weg,
miskien vind jy dit weer.
As jy gedink het warrelwind maak seer,
pasop vir winterwind!

ONS TWEE

Ek hou van die man wat hier langs my stap, hy
pluk vir my 'n veldblom, ek druk dit teen my hart.

Saam glip ons oor ontstuimig golwe van die lewe,
dit bring ritme in my omgekrapte siel en lewe.

Sy uithou onverstaanbaar, binne my is donker kolle
wat net hy en musiek kan heel soos ’n goeie krui.

Reise neem ons weg na vreemd kulture, kos en klere.
Ander land’s musiek se klanke vul nou ons mure,
word gekoester, sleep ons weg op vêr vergete paaie.

LEWENSMAAT

My Oggendson skarrel soms binne
met ’n bossie blomme in sy hand.
Hy is my skaterlag, my skouer en
my anker indien my boot wil sink.

VELE GEBRUIKE

Sy soek vir haar ’n mooi lap uit, mooier as die ander een.
Vou dit om haar sagte lyf, voel aangetrek en meisie-mooi.
Dieselfde lap word om haar nek gevou om koue weg te hou.
Gebruik as tafeldoek, ’n piekniekmandjie het nou styl.
Uitgedien, verrig dieselfde lap vele ander take in die huis.

DEA

Intens het hy geleef, só asof elke dag sy laaste was.
Het hy geweet sy lewensreis is kort, al was hy jonk?

WYNROOI

Ek het hom baie goed geken, want hy was myne.
Die Oudste en een van drie, beskermend-waaksaam.
Sy oë het daardie tyd nog nie gedans soos later nie,
onbeantwoorde vrae het diep in grou-groen gelê.
Hartseer in sy lewe het hy verwerk en mens geword.

Om te leef was ’n ontdekking van als waaroor daar vir
weke, maande en jare passievol gedagdroom is.
Sentimenteel is sy toekoms aangepak, wat winkend
op sy horison gelê het. ’n Inspirasie vir sy vele
vriende, ’n held wat hulle op ’n eie pad geplaas het.

Die glinster in sy ondeunde oog het ’n storie begin vertel
lank voordat kwinkslae uit sy mond geborrel het.
Sy ongekende hunkering is versadig: deur te weet wat in
dieptes van die see en lewe skuil, het hy homself uitgeleef.

Hierdie Wynrooi Blom word toe gepluk, genadeloos nog
skaars ontluik. My rustelose, windverwaaide kind is stil.
Duisend vrae het gekom en gaan. ’n Sagte antwoord kom
toe deur. “Aan julle was hy net geleen, sien, hy is eintlik
Myne.”

SOETWYN

’n Glasie soetwyn het op die tafel langs haar gestaan.
Dit was koud én baie koud. Dood het in haar oë gelê
terwyl sy die blomme een vir een met sorg rangskik.
’n Laaste eerbewys, hy sou dit graag net só wou hê.

ROTSVAS

Sy hande is grof en deurgewerk.
Besigheidsooreenkomste word
met ’n stewige handdruk beklink,
in hierdie onsekere samelewing.

SILWER

Hierdie kind, maar nie meer kind, is sag en rotsvas.
Fyn humor dans oor sy lippe, sy oë speel in silwer blink.
Hy besit die wysheid van onse Salomo en geduld van Job.

Sy kunswerke sal nooit 'n galery haal nie, dit pryk teen
walle, lê diep versteek onder beton en grond.

Hy bou nie self die damwal nie, maar sorg dat pompe,
pype, sluise, kleppe wat hy ontwerp hulle werk doen,
sodat jy kan plant en skep en drink.
"I love my Job."

SY ALLEEN

Jy sal sweer sy besit die mitiese gans wat goue eiers lê:
vrolik optimisties gesellig met geskenkie in die hand.
Soos 'n lentebries waai sy die kamer in, die son se strale
storm jaloers verby, wil deel wees van die samesyn.

Hierdie omgee-kind, my engel-kind, my meisiekind.
Hoe anders as leeg, sal die lewe homself sonder haar vind.

Sy sorg vir gemoedsrus en orde – en in ander se lewens.
Iewers in haar oog lê 'n versteekte traan, dit kan ek sien.

MAGALIESBERG

My geliefde berg, Magaliesberg, lê snoesig
in kokon van vaal kombers, dit reën.

Dis hiér waar bobbejaanstert en vuurlelie blom,
daagliks as die son van agter my berg uitkom.

Byevreters swiep speel-speel purpend[1] deur
die lug en kyk wie kan die diepste duik.

Droog skarnier sluip Tarentale heen en weer op
sonnig dag, hul sien die Witkruisarend is in vlug.

Saans wanneer maan se glim van agter uitstorm
spoel jakkals-tjank en ribbok-fluit my venster in.

[1] Klanknabootsing.

SKILDER

Skilder is ’n reis deur voorheen niks.
’n Stuk papier ’n kwas en verf, dis al.
Iewers in sy oog lê reeds die beeld
wat oorgedra, vasgevang wil word.

Met elke veeg van kwas, verskyn ’n blom
wat uitklim uit die leemte agter haar.
Met hart se diepte ingeverf laat glip die
Kunstenaar ’n sug en leun tevrede terug.

BALLERINA

Veertjielig, haar voetjies vroetel byna
ongesiens oor gladde dansvloer heen.
Met gedagtes hoog bo wolke wil sy wees
en daar is sy. Geen ander belange hier-
onder op die aardse grond nie.

SOEKEND

Jy kon haar vind in die diep kleur van intense pers.
Oë vol verwagting het sy gedwaal, gesoek na helder
lig van denkbeeldige beloftes, want sy het iets besit.

Vlerke van ’n windswael was aan haar voete vasgebind.
Melodieë van ’n nagtegaal was in haar bors vasgevang.
Deurdrenk met onsterflike musiek, het sy in haar binneste
aangedoen by operahuise, teaters en sale van paleise.

Met oë hoopvol gerig op die horison, gewag vir haar son,
maar strale van voorspoed, roem het versuim om te kom.
Ryp in jare is sy hoopvol weg na die Land van egte beloftes.

KWARTELS

Die son se strale breek deur mistig wolk, die
swaeltjies vlieg teen skrille spoed en swiep
mildelik kwartels uitpeulend uit die grond
na elke stortreën, seën van onder en van Bo.

OM TE LEEF

Uit watter lug moet ek die woorde gryp om
hierdie storm te beskryf wat jy lewe noem?
Kolkend, onseker, ontnugtering, 'n laaste
groet en dankbaarheid wat jou teruggooi
in die skoot en liefde van onse God.

KOM SAAM

Vat nou my hand, ek wil jou neem na die
plek waar ons liefde weer sy ritme kan vind.

Trap versigtig, ons paadjie is ’n mat van roesrooi,
effens pers, groen en geelbruin blare in die nattigheid.

Kyk links, ’n streep van silwer water vloei soos altyd,
oor mosbegroeide, oeroud klippe van die woud.

Jy mag maar boontoe kyk en jy sal sien die strale
van ’n sagte son probeer deur digte boomkroon dring.

Staan stil en luister na die waterval se stort van suiwer
vog en sonbesies se sagte dreun sal stop, wanneer jy
hul heiligdom betree, dis ook mý heiligdom, beslis.

LANK GELEDE

Kom ons dwaal terug na die plek waar ons
liefde begin blom het. Die pad was besaai met
roesrooi, pers, geelbruin blare in die nattigheid.

Sonnige vingers uit die boomkroon bo
het gewys na helder water wat sag-geselsend
rimpel oor mosbegroeide klippe in die woud.

Die waterval se druising het gelok, ons het gesien:
'n Reënboog toegegooi in 'n kleurvol net van mis.
Dis net daar waar ons liefde so begin blom het.

SONSONDERGANG

Namiddagson lê waterig teen Magaliesberg se hang,
met goudgeel bossies op rotse vasgevang. Dit gloei.
Oranjerooi skuil agter 'n donker wolk se silwer lyn.

'n Eendepyl skiffel[2] onseker deur die lug na lêplek toe.
Kolkend raas die byvreters en vertrek na wie weet
waar.

Jakkals skud die stof van diepgat af en draf nou fluks,
Sy paadjie in die veld verlig deur maan se silwer streep.
Nagskof het begin vir vele karnivore van die donker.

[2] Skiffel (werkwoord) is 'n *nuutskepping* n.a.v. die woord *skif*. Wanneer ek na die eende kyk wat stil en onseker beweeg, lyk dit soos 'n laag wat gevorm word in die lug en effens geroer word.

HUNKEREND

Lê hier teenaan my, jou lyf se hitte moet deur myne spoel.
Ek wil met sagte vingers oor jou lippe speel, jou oë soen.
Ons hart se klop moet ritmies en ons asems rustig wees.

Saam moet ons luister na die nag se tyd wat stadig wegvloei
dagbreek toe. Wanneer die son se eerste strale deur my
venster breek, wil ek nog steeds in die holte van jou arm
lê om so die nuwe dag se onbekendheid aan te durf.

Maar met die eerste lig wat deur my venster skyn, staar ’n
wit plafon na my, wonder waar ek laasnag heen gereis het.
Nie geweet ek het oor grasvelde gesweef op soek na jou,
aangedoen by leë kamers, donker woude. Jy bly ’n brokkie
mis, maar ek sal wag tot jy digte wolke-arms om my vou.

EN TOE

Die helder lig van jonkwees het in haar oë geblink.
Toe trap sy in ’n doringdraad en nou is hulle een.
Hy hou haar in, hy hou haar uit en tap elke grein
van lewe en onskuld uit haar lewe uit, sy kwyn.

EERS DAN

Sodra die stadsliggies doof, wil ek sien hoe ’n ster deur die hemelruim ploeg. Die lig van ’n blink maan moet in my oë weerkaats; die tjank van ’n jakkals in my oor kom lê, eers dan sal my binneste kalmte vind.

EWIGE RUS

Voer my weg op sagte kussings van die dood,
laat my rus in onbekende kamers daar bo.

My onbevredigende lewe eis sy tol, als wat ek doen,
gedoen het is waardeloos en ’n mors van tyd.

Kyk om jou rond, die lewe is ’n orkaan van gryp
en vreet, vertrap van blomme van die lewe, liefde;
als wat kosbaar en heilig is. Net jy kan sien asof
almal blind is. Neem my weg ek wil nie deel wees.

VRYHEID

Neem nou my hand, ek wil saam met jou en die wind oor
grasvelde sweef en daarbo in ’n draaikolk alles vergeet.

Saam afkyk en sien hoe die horison geboorte aan sonstrale
Gee en sien waar die punt van ’n beloofde reënboog begin.

Met arend en wolk moet ons sweef oor die hoogste kruin,
laag duik en saam met ’n swael deur die blou lug swiep.
Om vry te wees van alles wat menswees uitstippel. Wil jy?

MA-WEES

Dis sy wat emmers water op haar skouer gedra
het daar van die put se kant af, sy moes help.
Vlytige hande het orde aan huis help bring.
Ouer suster, ondankbare werk, my eie mening.

Later loer eie kinders grootoog deur die venster:
Waarom sluk die nag hul ma in, waarheen gaan sy?
Nie geweet van nagskof, hyskrane dryf, 'n man se
werk; sy sorg vir 'n huisgesin aan hulself oorgelaat.

Nou in die skemer van haar lewe, altyd goed versorg,
mooi, vriendelik optimisties vol verwagting. Haar stem
yl wanneer sy van haar kinders praat, al wat sy besit.
Die lewe het haar ongenadig heen en weer gepluk.

Huiwerend voor die poort het sy gedurig teruggekyk.
Ontnugter oor die lewe se onvolmaaktheid het 'n skadu
in haar oog kom lê, wat eers verwerk moes word.
Een oggend het sy stil vertrek; mag sy haar vrede vind.

SUS KATRIENA

Haar naam is Susanna, ek noem haar Katriena.
Ons twee dra mekaar nou teen die lewensbult op.
Bó beteken teen dié tyd grysheid en ouderdom.

Sy strompel ligvoets, ek's die een wat storm.
Een staan terug in konflik, die ander voer die rede.

Jy gaan nie voor my dood, sit met jou agterstewe
daar Bo en ek moet agterbly en sukkel nie, dis ons.

ONTHOU

Onthou jy toe ons jare gelede asem opgehou
het wanneer ons broers donkies probeer ry?

Later het ons agtermekaar gestap en moes stilbly,
anders skrik die duiwe. Andries het twee bosduiwe
platgetrek, Willie het slag- en skoonmaakwerk gedoen.

Die reuk van gebraaide duifvleis het in ons neus kom
lê, miskien was die smaak van honger wees op ons tong.

Kort daarna is Mammie dood en na ’n laaste soen
het hulle haar vir ewig weggeneem uit ons lewe.
Toemaar, ek weet jy sal nooit kan vergeet.

SUSTERS

By die plat klippe waar Ouma se bokke gewei het,
daar het die band tussen ons twee sterk geword.
Ek was ’n wit rot, jy was vet, ons het gelag en mekaar
gevang en geknou en leer liefhê, want ons is susters.

Saans wanneer Swartoog ons in die sinkbad gewas het,
het ons lywe gebrand van die spelery in doppe van die
Grondboontjie-fabriek. Ons het gehuil, want dit was seer.
Saam het ons het suiker gesteel uit die glasbak met die
deksel in die vorm van ’n hennetjie wat broei.

Ons was kaalvoet, het gespeel en swem by die rivier se
oorloop, daar duskant die yl bloekoms vol tortelduiwe.
Onthou jy die dwarsklap toe jy my spelerig in my slaap
met ’n kussing veer onder die neus gekielie het?

Nou in ons skemer speel ons nie meer nie, jare van
huil en van lekkerkry is besig om klaar te kry.
In ons oë lê die storie van ’n leeftyd se saamwees,
Herinnering van hartseer, liefdes en spyt wat verlore,
vergete agter lê. Als die moeite werd.

GYPSY

Sy begin dans om van die lewe te vergeet; hy dink sy dans om te vergeet haar man is op die grens, waar hy nie is nie.

Hy besef sy is werklik alleen en staan versigtig nader. Laggende oë en die lyftaal van ’n Gypsy laat hom besluit hierdie een is myne, sy is die een ek soek – al lank.

Hy het nog nooit voorheen liefgehad en geleef nie. Hulle word een, dans saam, kuier, stap en leef, droom oor ’n onbekende toekoms wat voor hulle lê en dit begin werk.

Jare stap aan, steeds dansend en hand aan hand op ritme van sagte of opruiende musiek wat net hulle waardeer. Musiek praat met hulle en musiek kan ook luister, glo sy.

GOLWE

Haar lewe was leeg, haar kinders vol hoop om
die lewe te ontdek wat altyd ontwykend was.
Lig was in een se oë, iemand het haar lief.
'n Ander het gestudeer, gebou en breek aan sy huis.

Die oudste begin werk in 'n buurland, ongeduldig met
afstand en 'n hart wat by die huis agtergebly het.
Hy was vry en ongebonde; het begin duik om die
geheime van die see te ontdek, sy lewe te geniet.

Sy oë het gevonkel soos onstuimige golwe toe hy
besluit om sy broer wat bou 'n smakie te gee van duik.
Saam is beplan, binne twee weke sou hulle vertrek.
Hy het gegroet en weggery met 'n tevredenheid.
Sy broer sal die mistiek van die see geniet soos hy.

Elke dag bel hy opgewonde vir Ma, vra uit en gesels.
Die vierde dag lui die foon en stilte, die foon lui weer.
Niemand praat, 'n derde lui, iemand dra die boodskap;
"Mevrou, jou seun is laasnag dood."

'n Golf van skok en ongeloof spoel deur sy ma, slaan haar
teen lewensrotse vas terwyl die see se golwe rustig speel,
sonder om te weet van haar en hulle. Als is skielik stil.

SOMER

Vlieg met die windswael – en met my –
na die land waar ’n nuwe somer begin.
Alleen is ons swakker, maar saam kom ons daar:

Liefde is sterker as winde en storms
oor kruine van berge en heuwels hieronder.

Daar in die sonskyn sal saamwees se hitte
ons lewe verander in ’n ewige, blink stroom –
rustig-vloeiend oor rotse en klippe.

WINTER

Sy hou van die winter se snerpende koue wat dwing om die
warm kombers om haar lyf te vou, 'n rillende lekkerte gee.
Sou 'n moedswillige wolk die flou son se strale wegkeer,
sal sy salig en snoesig nog dieper inwikkel.

DEMOKRASIE

Demokrasie beteken, jy mag doen net wat jy wil.
Dit sorg vir heel ander ondraaglike gevolge.
'n Uitsig oor die veld vind agter tralies plaas.
Jou huis, 'n luukse tronk net in geval iemand jou
privaatheid binnesluip om te doen net wat hy wil.

GEEN VERSKONING

Sy vra nie verskoning omdat sy is wie sy is nie.
Haar lewe deur sweet, baklei, gekom tot hier,
sonder genadige aalmoes vir haar hand.
Niemand skuld iemand niks: kyk, leer en werk,
indien jy wil kom waar sy haarself bevind.

UITSIG

Aan die begin was haar uitsig oor die berg
sonder ’n versperring, net gras en veld.

Later het die gloed van bloedrooi rankroos
die lemmetjiesdraad vrolik deurvleg.

Nou lê ’n diamant van staal se skadu in haar
oog terwyl die uitsig oor die berg van agter
Trelli-deur bewonder word. Verstikkend.

VUUR

Verwoestend bars en spat die vlamme kleurvol uitmekaar.
Slurp genadeloos teen donker kruine van die berg tot bo.
Verdryf en skroei als wat in sy pad lê sonder enige berou.
’n Fees vir karnivore van die nag en dag daarna.

ALLEEN

Jy sit hier buite in die son terwyl 'n ligte
bries jou hare deurmekaar kom vee en
dink jy is alleen op hierdie vreemde aarde.
Maar jy word dopgehou deur Iemand wat
weet waar jou gedagtes heen strompel.

SONSPEL

Die son se spieël speel op ’n klip, eers hier
dan daar, ’n skyn van kosbaar edelsteen.
’n Koraal se warm gloed versier die bleek
en windverwaaide langgras teen die bult.

HUIS TOE

Wiele glip oor grys en platgetrapte slang,
versier met snipperlint en seil teen heuwel
op en dan weer af tot waar die water newel,
deur die son se spieël al verder stoot.
Genadiglik kom dwaal ’n wolksambreel en
gooi ’n koelte oor die pad. Dit lyk na reën.

DIE SEE

Vier seisoene op een dag, dis wat jy kry terwyl
wit sand en skuim ’n prentjie om jou voete teken.
’n Berg, blou water en die bloute van die horison
smelt saam met die blink en bloute van jou oë.

EK WIL NET SÊ

Indien ek ooit ’n ouma soos jy gehad het,
sou ek ’n boodskap geteks het wat sê:
“Liewe Ouma, jy dwaal vandag deur my
gedagtes. Weereens dankie vir my geskenk.
Ek voel vandag so ryk, want Ouma het my
onvoorwaardelik lief en boonop is my sak
nie meer so plat soos gister nie.”
Ek sê maar net.

TENDENS

Voel jy ook soos ’n getroue hond wat moet
agterbly, terwyl sy huismense verder trek,
om ’n nuwe lewe in die vreemde te begin?
Waarheen stap jy met hartseer en verlange?

AFSKEID VAN MAGALIES

Aan jou ruwe voete het ek knus wortel geskiet.
Dekades was jy stil getuie van my doen en late.
Soos 'n ribbok het ek teen jou hellings loop en wei.
Gesoek na die Holothrix- en Eulophia-orgidee wat jy
versteek net vir iemand wat dit waardeer soos ek.

Sou my binneste aan skerwe lê, het my oë na jou
Kruin gestap, daar Bo het ek my stille troos gekry.

My uurglas loop en ek moet groet. Een ding moet jy
weet: Wanneer ek my oë toe sou maak, sal ek jou
sien, só asof ek steeds vrolik teen jou hellings wei.
Ek groet jou, maar in my binneste is ek naby jou.

TERUGBLIK

Sy lê – nie haar voete, maar haar oë dra haar
teen die steilte van die berg se hoogte uit.
Daarbo word sy omring deur spatsels brand.
Dis vroegseisoen se vuurlelies in volle blom.

In haar gedagte buk sy af en pluk ’n blom
en dink: *Toe ek vrolik, jonk en mooi was, het
my liefde, hartseer, net soos vuur geblom*. Jy
sien, dit het net van een kant af gekom.

INHOUDSOPGAWE

VER PAAIE 1
EENMAAL 2
LEWEND DOOD 3
DORINGS 4
PERSKEBLOM 5
LIEFDESWIND 6
ONS TWEE 7
LEWENSMAAT 8
VELE GEBRUIKE 9
DEA 10
WYNROOI 11
SOETWYN 12
ROTSVAS 13
SILWER 14
SY ALLEEN 15
MAGALIESBERG 16
SKILDER 17
BALLERINA 18
SOEKEND 19
KWARTELS 20
OM TE LEEF 21
KOM SAAM 22
LANK GELEDE 23
SONSONDERGANG 24

HUNKEREND 25
EN TOE 26
EERS DAN 27
EWIGE RUS 28
VRYHEID 29
MA-WEES 30
SUS KATRIENA 31
ONTHOU 32
SUSTERS 33
GYPSY 34
GOLWE 35
SOMER 36
WINTER 37
DEMOKRASIE 38
GEEN VERSKONING 39
UITSIG 40
VUUR 41
ALLEEN 42
SONSPEL 43
HUIS TOE 44
DIE SEE 45
EK WIL NET SÊ 46
TENDENS 47
AFSKEID VAN MAGALIES 48
TERUGBLIK 49

KREATIV SA
Posbus 4404
George-Oos
6539
SUID-AFRIKA
www.kreativ.org.za